

## **En kyk, dit was baie goed (OP124)**

**Gen 1:4, 10, 12, 17-18, 21, 25, 31, 2:18**

**9 April 2023**

Ons het al heelwat geleer uit ons bestudering van Genesis 1 en 2: Ons het geleer dat daar sistematiese vordering is in God se skeppingswerk: van niks, na 'n woeste, donker, leë en met water bedekte aarde, na 'n aarde wat geskik is om lewe te akkomodeer, en daarna na 'n aarde wat gevul is met die eerste lewensvorme. Ons het geleer hierdie lewensvorme het elkeen 'n doel. Ons het geleer dat die Here God 'n verbond aangegaan het met die mens wat Hy juis na Sy beeld geskep het. God administreer hierdie ooreenkoms soewerein. As deel van hierdie skeppingsverbond het God spesifieke opdragte of bepalings aan die mens gegee: Hulle moet heers, hulle moet rus elke sewende dag, hulle moet vermeerder en die aarde vul, en hulle moet gewillig en onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan God se opdragte. Ons het geleer dat die tuin spesifiek deur God aangeplant is vir die mens. Dit toon ooreenkomste met die Heilige in die latere tabernakel, en ons het gesien as die mens getrou sy skeppingsopdragte uitgevoer het, was daar nog iets beter wat die mens kon verwag: 'n ewige rus, oftewel dat hulle sou kon aanbeweeg na die Allerheiligste van hierdie eerste tabernakel.

Vandag is waarskynlik die tweede laaste keer wat ons spesifiek by Gen 1 en 2 stilstaan, en ek wil stilstaan by die stelling waarvan ons lees in Gen 1:31a: "God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en dit was baie goed". Alles wat God gemaak het, was baie goed. Onthou nou, voor die skepping was daar niks. As God dus kyk na alles wat Hy gemaak het, beteken dit alles. Alles in die skepping was dus baie goed. Hierdie stelling is natuurlik 'n voortbouing op die ander verse wat ons gelees het in Gen 1, waar ons geleer het die lig was goed, die skeiding van die land en die see was goed, die plante was goed, die hemelliggame was goed, die voëls en die seediëre was goed, en die landdiere was goed. Die individuele elemente in die skepping was dus goed, maar nou aan die einde van die sesde dag as God se skeppingswerk afgehandel is en God kyk na alles wat Hy gemaak het – dan is dit selfs baie goed. As jy dus al die elemente in die skepping bymekaar voeg, is dit baie goed.

Die vraag is nou: Hoe moet ons hierdie stelling verstaan? Wat beteken dit as God oordeel dit was alles baie goed? Ek moet julle vooruit waarsku dat my siening hieroor nie die tipiese siening is wat dikwels aangebied word nie. Ek wil julle dus vra om krities te luister, maar ek wil ook vra dat julle met 'n oop gemoed luister. Ek moet ook vooraf erkenning gee aan Mark Whorton en wat hy hieroor geskryf het in sy boek "Peril in Paradise".

### Tipiese interpretasie: Baie goed = perfek

Ek begin deur 'n beskrywing te gee van 'n tipiese interpretasie van die stelling "baie goed". Baie dikwels word geredeneer dat die stelling "en dit was baie goed", beteken dat alles na die afhandeling van die skepping, en voor die sondeval, perfek was. Alles was idillies. Daar was geen swaarkry nie, daar was geen nood nie, daar was geen worsteling nie, alles was perfek. Adam het nooit sy kop aan 'n tak gestamp nie, en Eva het nooit haar toon teen 'n rots gestamp nie. Alles was perfek. Natuurlik was daar geen sonde nie – alles was perfek. Wat voor die sondeval bestaan het, was God se ideale doel met Sy ganse skepping. Soms word dit so 'n bietjie meer gekwalifiseer deur te sê die situasie voor die sondeval in die tuin van Eden was God se ideale bedoeling – dit is wat God wou bereik, dit was God se ideaal. Die sondeval het egter God se ideale en perfekte skepping skade aangedoen. Die gevolg van die sonde is die dood – immers is dit wat Rom 6:23 sê. A.g.v. die sondeval het dood in die wêreld gekom. Voor die sondeval was daar nie dood nie, maar na die sondeval het mense en diere begin sterf. Dit het tot gevolg gehad dat God Sy verlossingsplan na die sondeval

geïnisieer het, waardeur God die effek van die sonde ongedaan maak en sodoende herstel bring in die skepping om weer te wees soos daardie oorspronklike, goeie, perfekte en ideale situasie voor die sondeval.

Een van die aspekte van hierdie interpretasie is dat daar voor die sondeval geen dood was nie – definitief nie dood van mense nie, maar selfs ook nie dood van diere nie. Die lyn word soms getrek dat as iemand sou redeneer dat daar wel dood van diere voor die sondeval was, beteken dit dat so 'n persoon ontken dat dood die loon van die sonde is, en gevolglik word daar geredeneer, ontken so 'n persoon die noodsaak aan 'n Verlosser om hom te verlos van die dood, en gevolglik is dit twyfelagtig of so 'n persoon werklik 'n Christengelowige is. Daar is nog verskeie lyne wat getrek word uit hierdie interpretasie: Omdat diere nie voor die sondeval gesterf het nie, beteken dit dat die ouderdom van alle fossiele wat paleontoloë opgrawe hoogs twyfelagtig is, siende dat paleontoloë redeneer hierdie fossiele is ouer as die sondeval. Dit beteken dat die wetenskaplike basis agter radiometriese datering wat gebruik word om die ouderdom van die fossiele te bepaal, ook twyfelagtig is. Dit gee op sy beurt aanleiding daartoe dat ander wetenskaplike argumente ontwikkel word wat moet bewys dat daar geen dood was voor die sondeval nie, selfs nie van diere nie.

Ek moet sê ek vind hierdie interpretasie en die redenasies wat daaruit voortvloei uiters frustrerend. Daar is in hierdie redenasie verskeie spronge wat gemaak sonder 'n grondige basis.

#### Probleme met die interpretasie: Baie goed = perfek

Ek wil graag 'n paar probleme uitlig met die interpretasie dat toe God geoordeel het dat alles baie goed was aan die einde van die skeppingsweek, beteken dit alles was perfek.

- Die eerste besorgdheid is dat Gen 1:31a sê God het gesien alles was baie goed. Die vers sê eenvoudig nie “alles was perfek nie”. Hier is 'n eerste sprong wat gemaak word. Die sprong is dat “baie goed” dieselfde beteken as “perfek”. Dit is vir my opvallend dat bykans alle Bybelvertalings Gen 1:31 met “baie goed” vertaal – dit sluit die 53 OAV, 83 NAV, 2020 DAV, KJV, ESV, NIV en die New Revised Standard vertalings in. Ek weet nie van een vertaling wat dit met “perfek” vertaal nie. Die NLV kom die naaste daaraan as dit sê “dit was goed in elke opsig” – maar ek glo ons almal verstaan die NLV is nie die beste vertaling om te gebruik as jy werklik in diepte studie wil doen nie.
- Gen 1:31 sê spesifiek alles wat God gemaak het, was baie goed. “Alles” beteken tog sekerlik “alles” – dit moet beteken dit is meer as die tuin van Eden. Om te wil redeneer dat net alles in die tuin van Eden perfek was omdat Gen 1:31 sê alles wat God gemaak het was baie goed, is weereens 'n sprong. Die tuin van Eden was verseker 'n besondere plek in God se skepping, en as daar een plek in die skepping is waaroor ons kan wonder of dit dalk perfek was, is dit seker die tuin – alhoewel selfs hieroor het ek my bedenkinge soos ek later sal bespreek. Maar Gen 1:31 verwys nie na die tuin nie – die tuin word eers in Gen 2 bespreek. Gen 1:31 verwys na alles wat God gemaak het – die hele skepping, insluitend die tuin, maar baie meer as die tuin.
- Ons weet Adam en Eva het in sonde geval. In Gen 3 oordeel die Here God eers oor die slang, daarna oor Eva en laastens oor Adam. Adam en Eva word daarna uit die tuin gestuur. Die Here God sê vir Adam in Gen 3:17-18: “Met swaarkry sal jy daarvan (d.i. van die grond) eet, solank as jy leef; dorings en dissels sal dit vir jou laat uitspruit, en jy sal veldplante eet”. Voortaan sal Adam worstel met die gevolg van dorings en dissels. Die vraag is nou: Waar het die dorings en dissels vandaan gekom? Siende dat God alles gemaak het vanuit niks, moet dit tog sekerlik die dorings en dissels insluit. Maar wanneer het God die dorings en dissels gemaak? Tog sekerlik tydens die skeppingsweek, waarskynlik op dag 3 saam met die plante.

God kon dit nie geskep het na die sondeval nie, want Gen 2:1 en 2 was baie duidelik dat God se skeppingswerk klaar was voor die sewende dag. So, as alles perfek was aan die einde van dag 6, hoe verklaar jy die teenwoordigheid van dorings en dissels, as God nie weer geskep het nie? Ek gee toe Gen 3:17 sê wel dat die aarde vervloek is deur Adam se toedoen – dit mag wees dat dorings en dissels toegeneem het a.g.v. Adam se sonde. Maar dit beteken steeds nie dat daar voor die sondeval geen dorings en dissels was nie, ten minste moes daar buite die tuin dorings en dissels gewees het, en by implikasie was alles dan nie perfek nie.

- Lees Gen 2:18. Gedurende die skeppingsgebeure het God self gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen was nie. Nou, ek gee toe, God het toe vir Eva gemaak as 'n helper vir Adam, en mens sou kon redeneer daarna was dit wel goed. Maar die feit van die saak bly dat God self geoordeel het daar was 'n stadium wat dit nie goed was nie. Ten minste moet jy nou versigtig wees om te ekstrapoleer van “baie goed” na perfek.
- Kom ons dink oor Rom 6:23 wat so dikwels gebruik word as argument om te bewys daar was geen dood voor die sondeval nie. Die eerste gedeelte van die vers sê: “Want die loon van die sonde is die dood”. Hierdie stelling word gebruik as basis om te redeneer voor die sondeval was daar nie dood nie – ja, sekerlik nie geestelike dood nie, maar spesifiek ook nie fisiese dood nie – nie van mense nie, en ook nie van diere nie. Wel, kom ons lees die hele vers: “Want die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here”. Nou: as ons wil redeneer die dood in die eerste deel van die vers verwys na die dood van mense sowel as diere, dan moet die lewe in die tweede deel van die vers tog ook na die lewe van mense sowel as diere verwys – en dan moet diere ook kan deel in die ewige lewe. Daar is egter letterlik niks in die Bybel wat suggereer dat God genade betoon aan diere om in Jesus Christus die ewige lewe te ontvang nie! As die tweede deel van die vers duidelik nie diere insluit nie, is dit eenvoudig 'n denksprong om die eerste deel van die vers op diere van toepassing te wil maak. Trouens, as jy heeltal eerlik moet wees, is die dood waarvan die eerste deel van die vers praat primêr die geestelike dood van mense, want die tweede gedeelte van die vers praat van die ewige lewe in Christus Jesus. Die fisiese dood van mense is hoogstens sekondêr – soos wat ons met die sondeval ook sien: Adam het direk geestelik gesterf, maar eers later fisies. Hoe dit ook al sy – Rom 6:23 praat glad nie oor diere nie. Om uit hierdie vers te wil redeneer daarom het diere nie voor die sondeval gesterf nie, is 'n reuse en 'n onverantwoordelike sprong. Onthou verder wat God vir die mens gesê het rakende die eet van die boom van kennis van goed en kwaad: “want die dag wanneer jy daarvan eet sal jy beslis sterf”(Gen 2:17). Hier is eenvoudig geen sweempie van aanduiding dat diere ook skielik sou begin sterf het na die sondeval van die mens nie – weereens is dit 'n sprong wat gemaak word.
- As alles perfek was voor die sondeval, beteken dit tog sekerlik dat Adam en Eva ook perfek was voor die sondeval. As dit waar is, hoe was dit dan moontlik vir die duiwel om vir Eva te verlei? As sy perfek was, hoekom het sy dan geswig toe sy sien die vrugte van die boom was goed? As sy perfek was, hoekom het sy daarna gesmag om soos God te wees? Perfekte mense doen tog nie dit nie? Ja, hulle was sonder sonde, maar dit beteken nie hulle was perfek nie.
- Hoe is dit moontlik dat daar 'n duiwel was in 'n perfekte wêreld, selfs in die mees perfekte deel van die wêreld, naamlik die tuin? As alles perfek was, hoekom was daar hoegenaamd 'n duiwel?

Kom ons dink vir 'n oomblik oor die duiwel: Ons weet die duiwel is 'n engel (2 Korintiërs 11:14, Efesiërs 6:11-12, Matteus 12:24), en alle engele is natuurlik skepsels van God. Natuurlik maak Genesis 1 en 2 geen melding van die skepping van die engele nie, ook nie

van die duiwel nie. Maar ons weet dat die duiwel 'n gevalle, bose engel is wat teen God in opstand gekom het. Genesis 1 en 2 maak egter ook nie melding van die val van die duiwel nie. Wat ons wel weet is dat sy val voor Genesis 3 moes plaasgevind het, siende dat dit juis die duiwel was wat Eva verlei het om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Die duiwel het dus voor Adam en Eva geval. In Johannes 8:44 lees ons die duiwel was van die begin af 'n mensemoordenaar wat nie by die waarheid staan nie. 1 Johannes 3:8 sê die duiwel sondig van die begin af. Ek is oortuig dit suggereer dat die duiwel (en alle engele?) vroeg geskape was, en dat die duiwel ook al vroeg geval het, immers sondig hy al van die begin af – waarskynlik al voor Genesis 1:3 – daar is persone wat redeneer die duiwel het tussen Gen 1:1 en 1:2 geval. Dit verklaar hoekom God tydens die skeppingsweek (voor die sondeval) al aan Adam en Eva die opdragte gee om die aarde te onderwerp, en die tuin te bewaak. Die duiwel was reeds aktief op die aarde. Adam moes dus die tuin teen die invloed van die duiwel bewaak en ook die aarde onderwerp aan die gesag wat hy as God se verteenwoordiger op aarde ontvang het. Maar dit plaas 'n groot vraagteken agter die interpretasie dat “baie goed” “perfek” beteken. Daar kan mos nie 'n gevalle duiwel in 'n perfekte skepping wees nie?

Al hierdie redes maak my dus skepties oor die interpretasie dat “baie goed” “perfek” beteken.


Alternatiewe interpretasie: Baie goed = baie goed om God se doel te bereik

Hoe moet ons dan wel “en dit was baie goed” verstaan? Dit is hier wat ek soveel aanklank vind by Mark Whorton in sy boek “Peril in Paradise”. Aan die einde van die skeppingsweek was alles baie goed in die sin dat dit presies voldoen het aan God se doel daarvoor. Onthou hoeveel keer ons klem gelê het op God se beklemtoning van doelmatigheid in die skepping: die son en maan het 'n doel – hulle moet lig gee en tyd hou, so ook die voëls, seediëre en landdiëre – hulle moet vermeerder en hulle deel van die skepping vul, en veral ook die mens – hy moet heers, rus, vermeerder en vul en onvoorwaardelik gehoorsaam wees. Aan die einde van die skeppingsweek is alles baie goed in die sin dat elkeen van hierdie skepsels presies aan hulle doel kan beantwoord. Kom ek probeer dit so verduidelik: As jy my vra: “Hoe gaan dit?”, en ek antwoord: “Dit gaan goed”, bedoel ek geensins daarmee ek is perfek rein en perfek gehoorsaam aan God se wil vir my nie. Ek bedoel eerder ek het alles wat ek nodig het om te kan doen wat ek moet. As God verklaar dat Sy skepping baie goed is, dan beteken dit alles is gereed vir hierdie skepping om die doel te bereik wat God in gedagte het om daardeur te bereik volgens Sy plan. Veral beteken dit dat alles in die skepping gereed is sodat God Sy oorkoepelende doel met die skepping kan bereik – en dit is dat die aarde gevul sal word met Sy heerlijkheid. God het 'n plan om by hierdie doel uit te kom – en Sy skepping is so saamgestel dat as elke deel in die skepping sy verantwoordelikheid nakom, sal God se doel bereik word. En dit is wat God as so goed bevind aan die einde van Sy skeppingswerk. Die skeppings is doelgerig gemaak, en voldoen aan hoe God wou hê die skepping moes wees.

Die manier waarop ons “baie goed” interpreteer het verreikende implikasies vir hoe ons oor God se plan dink. Ek het in die notas skematiese voorstellings probeer maak om wat ek nou gaan sê te help verduidelik – kyk asb daarna. In die skematiese voorstelling probeer ek uitbeeld hoe God se openbaring van Sy heerlijkheid toeneem/afneem deur die loop van die geskiedenis.

Kom ons kyk eerstens oor hoe ons oor die ontwikkeling van die openbaring van God se heerlijkheid dink as ons sê “baie goed” beteken “perfek”:

- Voor die begin (Genesis 1:1) het net God bestaan. Verder was daar niks. Natuurlik was God al heerlik, maar Sy heerlijkheid was nie geopenbaar, gedemonstreer of sigbaar nie.
- Toe kom die skeppingsweek waarin God alles geskep het. As ons aanvaar “baie goed” beteken “perfek”, beteken dit aan die einde van die sesde dag was alles perfek. Dit is natuurlik ‘n reuse




- stap vorentoe in die sin dat God se heerlijkheid nou tot ‘n groter mate gedemonstreer is en sigbaar is. Maar as ons sê alles was perfek, beteken dit God het Sy ideaal met die skepping bereik.
- Maar dan volg die sondeval. Die duiwel verlei vir Eva en Adam. Die gevolg is dat dood, frustrasies en swaarkry deur die hele skepping posvat, insluitend ook vir die mens. God se heerlijkheid lei skade – en dit in ‘n perfekte skepping. Duidelik is dit ‘n stap afwaarts.
- Hierna inisieer God Sy verlossingsplan. Deur die loop van die Ou Testament demonstreer God die beginsels waarvolgens dit werk. Met Christus se koms in die Nuwe Testament word hierdie plan ‘n werklikheid. Tot met die wederkoms is God besig om mense met Hom te versoen. Dit is duidelik ‘n stap vorentoe en deur die loop van die geskiedenis word God se heerlijkheid al meer en meer geopenbaar en sigbaar.
- Die einde is wanneer (van) die mense weer in ‘n herstelde verhouding met God is, soos wat Adam en Eva was voor die sondeval. Die uiteinde is dus gelyk aan die situasie net voor die sondeval. Soos wat alles toe perfek was, sal alles aan die einde ook weer perfek wees. Die geskiedenis eindig op dieselfde punt as wat dit was aan die einde van die skeppingsweek.

Ek is oortuig dit is ‘n gebrekkige beeld van God se plan. Sal die soewereine God werklik ‘n plan hê wat afwaartse stappe insluit? Sal God werklik in ses skeppingsdae van niks tot ‘n perfekte wêreld vorder, dan toelaat dat die wêreld agteruit gaan deur die toedoen van Sy geskape skepsels (beide die duiwel en die mens), en nou alreeds vir 6 000 jaar daaraan werk net om weer te eindig waar alles was voor die sondeval? Hoekom het God nie direk die duiwel verhoed om Eva te verlei nie, of selfs nog beter, verhoed dat daar ‘n duiwel is nie? Tot ‘n groot mate ignoreer dit die feit dat God meer in gedagte gehad het vir die mens wat hy sou ontvang as hy wel sy skeppingsopdragte suksesvol sou voltooi het – immers, waarna kon Adam en Eva uitsien siende dat hulle alreeds in ‘n perfekte skepping geleef het?

Ek is oortuig ‘n meer akkurate voorstelling van God se plan is eerder soos volg (sien ook hier die skematiese voorstelling):

- Voor die begin het net God bestaan. God besluit om 'n skepping daar te stel waarbinne Hy mense (en engele) gaan plaas met die doel om met verloop van tyd hulle in hulle harte te oortuig van Sy heerlikheid.
- Vir die doel skep Hy in die begin 'n hemel en aarde (Genesis 1:1&2). Hy skep dit doelbewus donker, woens en leeg, want Hy wil aan Sy skepsels toon dat Hy donker oorwin, orde bring en lewe skep om die skepping te vul. Dit is dus 'n stap vorentoe.
- Iewers skep Hy ook die engele, wetende dat van hulle gaan val. Dit is doelbewus deel van Sy plan.
- Dan kom die skeppingsweek. God skei lig en donker, hemel en aarde, see en aarde, en Hy begin vul: son en maan – hulle moet lig gee en tyd hou, die eerste voëls, seediëre, landdiere en die mens. Hy gee vir hulle almal opdragte om Sy skeppingswerk voort te sit deur verder te vul. Boonop skep Hy die mens na Sy beeld. Hy plaas die mens in die tuin ('n veilige woonplek) – maar hy het werk om te doen: Hy moet die tuin in stand hou, die duivel uit hou, en die tuin uitbrei tot dit die hele wêreld vul. As hy dit alles in gehoorsaamheid suksesvol sou voltooi, sou hy vir ewig lewe, weliswaar dan in 'n perfekte skepping. As hy egter iewers misluk, sou hy sterwe. In sy geheel, is die skeppingsweek 'n reuse stap vorentoe.
- Dan volg die sondeval. Die mens misluk in sy skeppingsopdrag. Hy kon net eenvoudig nie by die standaard uitkom nie. Die duivel was te oortuigend. Dis 'n geleentheid vir God om te demonstreer Hy is getrou en regverdig – dus moet die mens sterf (primêr geestelik, maar ook fisies). Maar dis ook die geleentheid vir God om te demonstreer Hy is genadig, liefdevol, reddend. God vervang die skeppingsverbond wat 'n werksverbond was, met 'n genadeverbond waarvolgens God nou self sal toesien dat die duivel nie net uitgehou word nie, maar sy kop sal verbrysel word, en in die proses sal God sorg dat die tuin in stand gehou word en die wêreld onderwerp word. Dit is 'n reuse stap vorentoe in terme van demonstrasie van God se heerlikheid – nie meer die mens wat “moet” nie, maar God wat “sal”!
- Dan kom die openbaringsgeskiedenis. In die Ou Testament verduidelik God hoe Sy verlossingsplan werk. In die Nuwe Testament kom Christus – Hy oorwin die duivel en bewerk geregtigheid. Daarna kom die Heilige Gees om in mense te werk sodat Hy deur hulle die heilighdom in stand kan hou, die duivel in sy laaste stuiptrekkings kan weerstaan en mense tot bekering kan roep. Dit is 'n reuse stap vorentoe in die demonstrasie van God se heerlikheid!
- Dan kom die einde. God handel daardie skeidingsproses wat in Genesis 1 begin het, af: Die donker verdwyn deurdat die duivel en al sy volgelinge in die poel van vuur gegooi word. Hy kom woon by Sy volk – die skeiding tussen hemel en aarde verdwyn. Daar is nie meer 'n see nie – die hele aarde is gevul net met mense wat self die verlossing van God belewe het en hulle bring die heerlikheid aan God gedring deur hulle persoonlike ervaring! Hulle is in hulle harte oortuig dat God al die heerlikheid waardig is – immers het God die inisiatief in al hierdie stappe geneem nadat hulle misluk het, en immers is hulle self ontvangers van hierdie



genadige verlossing. Dis 'n reuse stap vorentoe! Dit is: mission accomplished! Dit is baie meer as net mense terug in die tuin van Eden! Dit is verlore mense in die Allerheiligste van die ware tabernakel!

Die essensie van wat ek probeer oordra, is die volgende: As ons sê aan die einde van die skeppingsweek was alles perfek, dan beperk ons wat God deur die loop van die geskiedenis nog kan bereik. Dan kan God bloot net weer daardie beginpunt bereik – want alles was mos alreeds perfek aan die einde van die skeppingsweek. As ons egter sê aan die einde van die skeppingsweek was die skepping baie goed in die sin dat alles gereed was sodat God deur die loop van die geskiedenis werklik Sy heerlikheid kan demonstreer, dan beteken dit God werk na 'n groter heerlikheid as wat Hy aan die einde van die skeppingsweek bereik het. Die teenwoordigheid van die duiwel, die feit dat die duiwel Adam en Eva verlei het, die teenwoordigheid van dorings en dissels selfs voor die sondeval, is nie 'n teken van God se onvermoë om 'n perfekte wêreld te skep nie – maar dit skep die geleentheid om aan die mens te bewys dat die mens nie op sy eie God se verantwoordelikhede suksesvol kan voltooi nie, dit skep die geleentheid dat God die verantwoordelikheid daarvoor moet oorneem deur die werksverbond te vervang met 'n genadeverbond, dit skep die geleentheid dat God homself aan die mens openbaar in al Sy heerlikheid as regverdig, genadig, liefdevol en noem maar op – en as die mens persoonlike verlossing beleef wat God vir hom bewerk, dan word hy absoluut oortuig van God se heerlikheid – en dan wil hierdie mens met oortuiging God se heerlikheid besing – en dit was die doel van die begin af met die skepping.

Kan ek dit op nog 'n manier probeer verduidelik: Die feit dat daar 'n duiwel was voor die sondeval, die feit dat daar dorings en dissels was voor die sondeval, die feit dat Adam en Eva verleibaar was, was goed in die sin dat dit alles instrumente was wat God beplan het om te gebruik in die loop van die geskiedenis om Sy heerlikheid te demonstreer. Hy wou dit nie op 'n teoretiese manier aan die mens demonstreer nie – Hy wou dit prakties aan die mens demonstreer deurdat die mens eers self moes beleef hoe hy misluk in sy skeppingsopdragte, en dan beleef hoe hy deur God gered en bekwaam gemaak word om te slaag daarin – en sodoende in sy hart oortuig word: God is heerlik en waardig om geëer te word. Die hele skepping was baie goed om hierdie doel te bereik!

Ps 104:24 sê: “Hoe talryk is u werke, Here! Alles is met wysheid deur U gemaak”. Dit is die punt: God het aan die einde van die skeppingsweek na alles gekyk, en dit was baie goed, want dit het gesprek van God se wysheid. Lees saam met my Ef 3:8-11. Dit is verstommende verse wat ons nie nou in detail kan bespreek nie. Die essensie is die volgende: Daar is 'n geheimenis wat vir eeue verborge was in God, in God wat die Skepper is van alle dinge. Hierdie geheimenis handel oor die wysheid van God. Paulus sê egter die kerk kan nou hierdie ryklik geskakeerde wysheid van God bekend maak aan die owerhede en die magte in die hemele – dus aan alle skepsele. Die bekendmaking van hierdie geheimenis is in lyn met God die Skepper se voorneme van die begin af – en die inhoud van hierdie ryklik geskakeerde wysheid van God word sigbaar deur die werk van Jesus Christus. Opsommend: Van die begin af wou God sy ryklik geskakeerde wysheid bekend maak. Hy het die wêreld so geskep dat Hy dit daardeur kan bekend maak. Dit is die kerk se werk om dit bekend te maak. Hulle maak dit bekend deur te vertel van die werk van Jesus Christus. Verstaan jy die implikasies hiervan? Dit was nodig dat daar 'n duiwel sou wees om Adam en Eva in die tuin te verlei, sodat daar noodsaak aan die werk van die Verlosser Jesus Christus sou wees, sodat God deur die werk van Jesus Christus Sy ryklik geskakeerde wysheid kon bekend maak, en dit is wat die kerk nou moet gaan bekend maak, juis die kerk wat self verlostes is. Al hierdie wysheid was reeds in die skepping opgesluit. En daarom het God geoordeel die hele skepping was baie goed.